



LUPINO

Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

Januarie 2002 No.8

Lupien kultivarevaluasie :Wes-Kaap 2001 D J Hanekom, P Lombard en H de wet

Die afgelope jaar is gekenmerk deur ernstige droogte in die Rûens en Suid-Kaap wat produksie van lupiene negatief beïnvloed het. Die Swartland het egter 'n baie goeie reënseisoen beleef, maar die baie nattoestande met gepaardgaande wortelsiektes en antraknose het sy tol ge-eis, veral by die baie gevoelige breëblaar (*Lupinus albus*) kultivars. Hoewel antraknose ook by smalblaar (*L.angustifolius*) kultivars voorgekom het, was oesverliese nie so ernstig nie.

Volgens beraming is ongeveer 14 000ha soetlupiene in die Wes- en Suid-Kaap gesaai. Die oppervlakte(ha) onder soetlupiene vir die verskillende gebiede was as volg:

BNK	500	CRK	3000
SSK	100	MKB	3400
PLK	3000	WPK	4000

Saadopbrengste(kg/ha) in die verskillende gebiede was volgens inligting van landboubesighede as volg:

BNK	500	CRK	500 to 1800
SSK	-	MKB	800 tot 1500
PLK	800 tot 1200	WPK	1000

Pryse wat vir die produk betaal is was as volg:

<i>L. albus</i>	R1200 tot R1250 per ton
<i>L.angustifolius</i>	R1100 tot R1200 per ton

Die Departement Landbou het gedurende die 2001 seisoen 'n reeks kultivarproewe in die Suid- en Wes-Kaap streke uitgevoer. Ses lokaliteite wat strek van George tot Caledon is in die Suid-Kaap strek uitgevoer terwyl daar ook ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil aangeplant is.


Verskeie redes, waaronder droogte, wortel en loofsiektes asook sulfoniellureum oordrag in gronde het daartoe gelei dat van die proewe nie voltooi is nie. Die reënvalsyfers by die betrokke lokaliteite soos gedurende 2001 gemeet word in figuur 1 getoon.

Suid-Kaap

Caledon(Boontjieskraal)

Bewerking	:	Vlak tand
Plantdatum	:	8 Mei 2001
Grondvogstatus :		Baie goed. Goeie opvolgreën na saai
Saadbed	:	Netjies en gelyk
Saaidigtheid	:	Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m ²
Bemesting	:	P - 15 kg/ha Na-molibdaat 150g/ha (01/06) Solubor 500g/ha (27/06)
Onkruidbeheer	:	Simex 600 ml/ha (met saai) Brodal 150 ml/ha (01/06) Focus Ultra 1L/ha (27/06)
Swambespuiting	:	Punch Xtra 400ml/ha (17/09)
Insekbeheer	:	Geen


Opmerkings : KV% = 17.66% KBV = 0.461



Opbrengste by die Caledon proef toon dat veral die breëblaarlupiëne (*L. albus*) goed gevaar het en dat opbrengssyfers van tot 2.59 t/ha (Kiev) behaal is. Van die smalblaarlupiëne (*L. angustifolius*) het veral Bolivia (1.98 t/ha) en Merrit (1.8 t/ha), Jindalee (1.75 t/ha), Boltensia (1.74 t/ha) en Wonga (1.71 t/ha) goeie opbrengste gelewer. 'n Proefgemiddelde van 1.58 t/ha is behaal.

Tygerhoek


Bewerking	:	Vlak tand
Plantdatum	:	7 Mei 2001
Grondvogstatus	:	Goed. Opvolgreën was swak.
Saadbed	:	Netjies en gelyk
Saaidigtheid	:	Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m ²
Bemesting	:	P - 20 kg/ha Na-molibdaat 150g/ha (09/07)
Onkruidbeheer	:	Solubor 500g/ha (24/07)
	:	Simex 600 ml/ha (met saai)
	:	Brodal 150 ml/ha (09/07)
	:	Focus Ultra 1L/ha (24/07 en 20/08)
Insekbeheer	:	Geen
Opmerkings	:	KV% = 18.42 KBV = 0.287



Lae reënval het die opbrengs by Tygerhoek benadeel. Nieteenstaande het die kultivar Bolivia 'n relatief goeie opbrengs van 1.62 t/ha gelewer. Die kultivars Ronell, Kiev, KS-3 en Vladimeer het opbrengste bokant 1.35 ton/ha gehad wat heelwat beter as Cedara (0.82 t/ha) was. Die smalblaar kultivars Boltensia (1.27 t/ha) en Jindalee (1.05 t/ha) het opbrengste bokant die proefgemiddelde (0.94) gelewer. Opbrengste van die geellupien kultivars was baie laag.

Napier

Bewerking	:	Vlak tand
Plantdatum	:	10 Mei 2001
Grondvogstatus	:	Redelik – Ondergrond goed, bogrond swakker
Saadbed	:	Netjies en gelyk
Saaidigtheid	:	Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m ²
Bemesting	:	P - 15 kg/ha Na-molibdaat 150g/ha (11/07)
Onkruidbeheer	:	Solubor 500g/ha (01/08)
	:	Simex 600 ml/ha (met saai)
	:	Brodal 150 ml/ha (11/07)
	:	Focus Ultra 1L/ha (01/08)
Insekbeheer	:	Geen
Opmerkings	:	KV% = 14.58 KBV = 0.256




By die Napier proef is 'n gemiddelde opbrengs van 1.07 t/ha behaal. Opbrengste van die smalblaar kultivars was oorwegend beter as die breëblaar tipes en het gewissel van 1.78 t/ha (Boltensia) tot 1.11 t/ha (Sonet). Die laer opbrengste van die breëblaar kultivars word hoofsaaklik toegeskryf aan wortelsiektes. Swak opbrengste is deur die geellupien kultivars behaal.

George

Bewerking : Vlak tand
 Plantdatum : 17 Mei 2001
 Grondvogstatus : Ondergrond goed, bogrond effe minder
 Saadbed : Netjies en gelyk
 Saaidigtheid : Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m²
 Bemesting : P - 20kg/ha
 Onkruidbeheer : Simex 500 ml/ha (met saai)
 Insekbeheer : Geen
 Swambespuiting : Punch Xtra 400ml/ha (20/09)

Opmerkings : KV% = 27.19 KBV = 0.608




‘n Proefgemiddelde van 1.33 t/ha is by die George proef behaal. Goeie opbrengste is veral deur die kultivar Cedara (2.1 t/ha) behaal, maar ook deur die kultivars Astra, Sonet KS-3, Vladimir, Ronell en Kiev, wat opbrengste van 1.52 tot 1.95 ton/ha behaal het. Die smalblaar kultivars het oorwegend swakker gedoen, waarskynlik as gevolg van ‘n hoë witroes siektedruk. Die geellupien kultivar het ‘n goeie opbrengs van 1.15 t/ha behaal.

Bredasdorp Demonstrasieproef

Proefperseel BNK


Plantdatum	:	31 Mei 2001	
Bewerking	:	Tandbewerking	
Saaidigtheid	:	<i>L.angustifolius</i>	70 kg/ha
		<i>L.albus</i>	100 kg/ha
Bemesting	:	15 kg/ha P ingewerk	
		Na-molibdaat 150g/ha	(10/07)
		Solubor 500g/ha	(24/07)
Onkruidbeheer	:	Simex 600ml/ha	(31/05)
		Brodal 150 ml/ha	(10/07)
		Fokus Ultra 1L/ha	(24/07)
Insekbeheer	:	Geen	



Swartland

Langgewens eerste saaityd


Bewerking	:	Vlak tand	
Plantdatum	:	8 Mei 2001	
Grondvogstatus	:	Goed	
Saadbed	:	Netjies en gelyk	
Saaidigtheid	:	Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m ²	
Bemesting	:	P - 15 kg/ha	
		Na-molibdaat 150g/ha	(06/07)
		Solubor 500g/ha	(25/07)
Onkruidbeheer	:	Simex 700ml/ha	(met saai)
		Fokus Ultra 1L/ha	(06/06 en 26/07)
Insekbeheer	:	Geen	
Swambeheer	:	Punch Xtra	(30/07 en 17/08)
Opmerkings	:	KV% = 28.87	KBV = 0.179



Opbrengste van die meeste kultivars by die Langgewens lokaliteit is erg benadeel deur swaar besmettings van antraknose. Slegs die smalblaar kultivar Tanjil (1.16 t/ha) het 'n opbrengs gelewer wat ooreenstem met verwagting van die relatief goeie seisoen van 2001. Die vatbaarheid van die breëblaar en geellupien kultivars vir antraknose het meegebring dat opbrengste in die orde van slegs 300 tot so laag as 20 kg/ha gerealiseer het. By die tweede saaityd (data nie getoon) is die plante op 'n veel jonger stadium aan antraknose blootgestel en was die omvang van die siekte van so 'n aard dat van die persele totaal uitgewis is.

Hopefield(Leliefontein)


Bewerking : Vlak tand
 Plantdatum : 14 Mei 2001
 Grondvogstatus : Goed
 Saadbed : Netjies en gelyk
 Saaidigtheid : Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m²
 Bemesting : P - 15 kg/ha
 Na-molibdaat 150g/ha (14/06)
 Solubor 500g/ha (06/08)
 Onkruidbeheer : Simex 400ml/ha (met saai) (06/08)
 Brodal 150 ml/ha (14/06)
 Fokus Ultra 1L/ha (06/08)
 Insekbeheer : Geen
 Opmerkings : KV% = 18.06 KBV = 0.327



By die Hopefield lokaliteit het die kultivar Bolivia (2.46 t/ha) die beste gevaar gevolg deur Tanjil, Wonga, Boltensia en Merrit wat almal meer as 2 t/ha gelewer het. Die perseel waar die proef uitgevoer is, is op 'n plaas waar lupien in 'n kort rotasie met koring verbou word. Hiedie kort rotasie het egter veroorsaak dat die siektedruk van wortelsiektes redelik hoog was. Verlaagde breëblaar is redelik straf deur die wortelsiektes benadeel wat swak opbrengste tot gevolg gehad.

Eendekuil(Lemoenkloof)

Bewerking : Vlak tand
 Plantdatum : 10 Mei 2001
 Grondvogstatus : Redelik tot min
 Saadbed : Goed
 Saaidigtheid : Volgens duisendkorrelmassa - mikpunt = 45 plante/m²
 Bemesting : P - 15 kg/ha
 Na-molibdaat 150g/ha (20/06)
 Solubor 500g/ha (08/08)
 Onkruidbeheer : Simex 400ml/ha (met saai)
 Brodal 150 ml/ha (06/06)
 Insekbeheer : Geen
 Opmerkings : KV% = 18.32 KBV = 0.240




Opbrengste by die Eendekuil proef is benadeel deur swak grondvogtoestande wat vir 'n wesentlike tydperk aan die begin van die seisoen geheers het en wat weerspieel word in 'n proefgemiddelde van 0.79 ton/ha. Die smalblaar kultivars Tanjil (1.44 t/ha), Bolivia (1.12 t/ha) Merrit(1.06 t/ha) en Jindalee(1.03 t/ha) het beter gevaar met opbrengste bokant 1 t/ha.

Graafwater Demonstrasieproef

Rustig (Johan de Jong)

Plantdatum : 11 Mei 2001
Bewerking : Skottel
Saaidigtheid : *L.angustifolius* 70 kg/ha
 : *L.albus* 100 kg/ha
Bemesting : Geen
Onkruidbeheer : Geen
Insekbeheer : Geen



Navrae: Hoofdirekoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

Redaksie: HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze

Geborg deur die Proteïennavorsingstrust